

## Rusteloos en Rebels



### SABBATMIDDAG

**Lees vir Vandeeweek se Studie:** Num. 11:1-33 en 12:1-13, hfst. 13:27-33 en 14:1-23, 1 Kor. 10:1-11, asook Num. 14:39-45.

**Geheeteks:** “Hierdie dinge het oor hulle gekom as ’n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ’n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef” (1 Korintiërs 10:11, NAB).

**V**oorvalle van honde en ook ander troeteldiere wat kort voor groot aardbewings vreemd en rusteloos begin optree, is reeds honderde jare lank ’n bewese feit.

Wetenskaplikes het nou vasgestel dat diere in staat is om die eerste skokgolf – die sogenaamde drukgolf wat die seismiese skuddingsgolf voorafgaan – te voel. Dit verklaar waarskynlik al die voorvalle van diere wat verward en rusteloos optree oomblikke voordat die grond begin skud. Party diere, soos olifante, kan die laefrekwensie-klankgolwe en -vibrasies van voorskokke voel, iets wat mense nie kan doen nie.

Op 23 Augustus 2011 het ’n aardbewing die Washington DC-gebied getref. Enkele minute voor daardie ramp, wat 5.8 op die Richterskaal gemeet het, het party van die diere by die Smithsonian Instituut se Nasionale Dieretuin vreemde gedrag begin toon; onder andere die lemurs, wat ongeveer 15 minute voor die skudding vreeslik lawaai opgeskop het.

In vandeeweek se les bekyk ons voorbeelde van vreemde gedrag by die mens – ’n rusteloosheid wat nie deur dreigende natuurrampe soos aardbewings veroorsaak is nie, maar eerder deur die basiese sondigheid van die gevalle mens wat nog nie innerlike gemoedsrus gevind het, daardie allesomvattende rus wat Christus aan elkeen gee wat in geloof en gehoorsaamheid tot Hom gaan.

*\*Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 10e Julie.*

## Onrus in die Ooptes

Die Israëliete was seker onrustig en ongekrap toe hulle Sinai verlaat en na Kanaän begin reis het. 'n Volle jaar het verbygegaan sedert hulle Egipte verlaat het (*Num. 1:1*). Die volk was gereed om die Beloofde Land in te gaan. Hulle was reeds getel en reg ingedeel, en boonop het hulle allerhande wondertekens beleef. Duidelik het hulle God se guns en teenwoordigheid geniet. Tog het hulle by die heel eerste stopplek ná Sinai begin mor en kla.

### Lees Numeri 11:1-15. Waaroor murmureer die Israëliete hier?

Die Israëliete het gesmag na die vleis, die komkommers, die spanspek, die preie, die uie en die knoffel van Egipte. “Ons dink aan die visse wat ons in Egipte verniet kon eet, aan die komkommers en die waterlemoene en die prei en die uie en die knoffel. Maar nou is ons siel dor; daar’s glad niks nie: net die manna is voor ons oë!” (*Num. 11:4-6, OAB*). Hulle het duidelik ook aan ’n akute vorm van selektiewe geheue gely, want hulle onthou skielik al die lekker kos, maar nie die slawerny en ongelooflike swaarkry nie (*vgl. Eksodus 1*).

Vir meer as ’n jaar het God hulle met sy *manna* gevoed. Tog is die volk nou iesegrimmig, op soek na iets anders. Selfs Moses is daardeur geraak. Om ’n omgekrapte groep mense te lei, is beslis nie kinderspeletjies nie. Tog het Moses geweet by wie om aan te klop: “Waarom het U hierdie moeilikheid oor u dienaar, bringing? Waarom het U my met hierdie volk opgesaal?” (*Num. 11:11, NLV*).

### Hoe reageer die Here op die volk se klagtes? Lees Numeri 11:16-33.

God is nie blind vir ons behoeftes wanneer die rusteloosheid ons oorval nie. Toe Israel oor die manna gekla het, het die Here vir hulle kwartels gestuur om hul sug na vleis te bevredig. Tog het dit nie eintlik oor ’n sug na vleis gegaan nie. Wanneer ’n mens ontevrede, rusteloos en omgekrap is, is die ding waaroor daardie ongelukkigheid gaan dikwels net die simptome, en nie die siekte self nie. Ons is krapperig omdat iets dieper fout is, iets wat die band tussen mens, medemens en God raak. Die Israëliete het inderwaarheid teen die leiding van God gerebelleer, iets waarteen ons ook moet waak, ongeag die onmiddellike aard of konteks van ons ongelukkigheid. Om teen God te rebelleer, is makliker om te doen as wat ’n mens dink.

**Hoekom is dit so maklik om die verlede te onthou asof dit beter was as wat dit in werklikheid was?**

## Dit is Aansteeklik

### Lees Numeri 12:1-3. Waaroor het Mirjam en Aäron se ongelukkigheid gegaan?

Mirjam en Aäron se ontsteltenis het grotendeels oor Moses se Kussitiese vrou gegaan. Sippora was 'n nie-Israeliet uit die landstreek Midian (see Eks. 3:1). Die sondigheid van die mens openbaar hom selfs in die volk se hoogste gestoeltes, en boonop op 'n onsmaklike wyse (soos dit tipies die geval is, nie waar nie?).

Dit blyk duidelik uit dié skrifgedeelte dat Aäron-hulle se klagte oor Sippora inderwaarheid 'n rookgordyn was. Hul ongelukkigheid het eintlik oor die profetiese gawe gegaan. In die vorige hoofstuk het die Here Moses aangesê om 70 van Israel se oudstes as leiers aan te stel ten einde die administratiewe las van Moses se amp te verlig (*Num. 11:16, 17, 24 en 25*). Aäron en Mirjam was ook leiers en het sleutelrolle in die vorige leierskapsbestel gespeel (*Eks. 4:13-15, Miga 6:4*). Hulle het egter bedreig gevoel toe hierdie nuwe aanstellings bekend gemaak word, en sê toe: “Het die Here dan net deur Moses gepraat... en nie ook deur ons nie?” (*Num. 12:2, NAB*).

### Hoe het God op dié klagte gereageer? Lees Numeri 12:4-13. Hoekom dink jy het die Here so kragdadig gereageer?

Die Here reageer oombliklik en laat geen ruimte vir twyfel nie: die profetiese gawe is nie 'n wapen om mag oor ander te verkry nie. Moses was die geskikste kandidaat om leier van Israel te wees juis omdat hy reeds geleer het hoe geweldig afhanklik hy van God was.

Die feit dat Mirjam se naam in vers 1 voor Aäron s'n verskyn, dui moontlik daarop dat sy die voorbode in die twee se verbale aanval op Moses was. In daardie stadium was Aäron reeds die hoëpriester. Om met melaatsheid gestraf te word, sou beteken dat hy nie die tabernakel kon ingaan om vir die volk in te tree nie. Die feit dat God tydelik vir Mirjam met melaatsheid gestraf is, bring nietemin die Here se ontevredenheid met beide van hulle op 'n duidelike en dramatiese wyse onder die volk se aandag, en help ook die twee skuldige partye om hul houding te verander en so 'n transformasie in familieverband te bring. Aäron pleit by Moses om ter wille van Mirjam in te gryp, waarmee hy eintlik sy betrokkenheid by hierdie rebellie te kenne gee (*Num. 12:11*). Aäron se kritiese houding teenoor Moses asook sy innerlike rusteloosheid verdwyn meteens soos mis voor die son. Hier sien die leser hoedat Aäron vir Moses vra om Mirjam te help, en hoe Moses toe vir haar voorbidding doen (*Num. 12:11-13*). Dit is die soort houding wat God in sy volk wou sien. Hy verhoor hul gebede en genees Mirjam.

**Dit is tog so maklik om krities teenoor kerkleiers te wees, ongeag hul vlak binne die kerkgenootskap. Sou dit nie egter beter wees – beide vir die kerk as 'n geheel en vir ons elkeen se geestelike lewens – om van al dié klagtes te vergeet en liewers voorbidding vir ons leiers te doen, selfs al stem 'n mens nie altyd met al hul besluite saam nie?**

## Rusteloosheid lei tot Rebelle

Ons verhaal begin op 'n positiewe noot. Die Israeliete het uiteindelik die grense van Kanaän bereik en stuur toe 12 spioene uit om die land te gaan verken. Hul beskrywings toon dat die land en sy mens besonders ongewoon is.

**Lees die spioene se verslag in Numeri 13:27-33. Op watter punt in hul verslag voel die Israeliete skielik dat al hul verwagtinge oor die Beloofde Land verniet was?**

---

Ten spyte van Kaleb se ingryping kry die twyfelars en die skeptici meer aftrek as dié wat in God se belofte bly glo. Die Israeliete betree nie die land as mense wat kom om te verower wat die Here hulle belowe het nie. Nee, hulle is rusteloos. Die volk verkies om in sak en as te gaan sit, om te murmureer, in plaas daarvan om dapper toe te tree tot die stryd en die oorwinningskreet aan te hef.

Wanneer 'n mens innerlik rusteloos is, sukkel jy om sterk te staan in die geloof. Tog beïnvloed rusteloosheid nie net 'n mens se emosies nie. Wetenskaplikes toon 'n direkte oorsaaklike verband tussen 'n gebrek aan rus (insluitende slaap) en die maak van swak besluite – swak besluite wat dinge soos vetsug, verslawing, asook verdere rusteloosheid en ongelukkigheid meebring.

**Lees Numeri 14:1-10. Wat het toe met die Israeliete gebeur?**

---

Die volksbyeenkoms loop lelik skeef. In Numeri 14:9 vra Kaleb benoud: “Julle moet net nie teen die Here in opstand kom nie” (NAB). Ongelukkig word hy summier geïgnoreer en die Israeliete dreig om die leiers te stenig. *Rusteloosheid lei tot rebellie, en rebellie lei uiteindelik tot die dood.*

“Die ontroue spioene het Kaleb en Josua luidkeels verwerp en stemme het opgegaan vir die twee om gestenig te word. Toe tel die waansinnige gepeupel klippe op om die getroue mans mee te bestook. Kaleb en Josua moes sterf! Hulle storm besete en al skreeuende op Josua-hulle af. Meteens [steek die oproerige skare vas] en laat val die klippe. Dit is grafstil. 'n Doodse vrees pak die mense beet. Ja, die Here het ingegryp en 'n stokkie voor die gepeupel se moorddadige planne gestee. Die heerlijkheid van sy teenwoordigheid verlig die tabernakel soos 'n vuur wat brand. Almal sien dié teken van Bo. Een wat sterker en magtiger as hulle is, het Homself geopenbaar, en niemand wou waag om verder weerstand te bied nie. Die spioene wat vroeër twyfel met hul verslae gesaai het, deins nou benoud terug en vlug angsbevange na hul onderskeie tente” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 390).

Reg daar word die mag en majesteit van die Here in die publiek geopenbaar. Wanneer 'n mens die verhaal in Numeri 14 lees, is dit asof die toneel wat daar beskryf word 'n bevrore opname in die tyd is; en dit gee jou insae in die gesprek tussen Moses en God. Die Here erken dat Moses, Kaleb en Josua inderdaad in die gepeupel se pad was, maar ook dat hierdie rebellie eintlik teen God Self gerig was.

## 'n Middelaar

**Watter** aanbod maak die Here aan Moses te midde van dié rebellie? Lees Numeri 14:11 en 12.

---



---

Die Here bied hier aan om die Israeliete uit te wis en om 'n splinternuwe verbondsvolk op die been te bring waarvan Moses dan die stamvader kan wees.

**Hoe** reageer Moses op die Israeliete se openlike rebellie – nie net teen hom nie, maar ook teen God? (*Num. 14:13-19*).

---



---

Hierdie is 'n deurslaggewende oomblik, waarin 'n mens sien dat Moses 'n ware godsman is. Sy antwoord is 'n profetiese baken in die tyd. Dit wys vooruit op 'n lankverwagte Middelaar, een wat inderdaad meer as 1,400 jaar later vir sy swak en behoeftige dissipels sou bid (*Joh. 17*). Deur sy optrede hier is Moses vir baie teoloë en bybelstudente 'n toonbeeld van Christus en die dinge wat Hy vir ons bewerkstellig het. Dat die Israeliete van ouds skuldig was, en ook ons vandag, is nie eens debatteerbaar nie. Tog tree Moses vir die volk in en pleit om vergifnis, “na die grootheid van u goedertierenheid” (*Num. 14:19, OAB*). Presies wat die Here gedoen het danksy Moses se bemiddeling vir die volk, doen Hy ook vir ons omdat Jesus vir ons gesterf en opgestaan het en nou vir ons intree voor die Vader.

So pleit Moses toe voor die Here: “Vergeef tog die ongeregtigheid van hierdie volk na die grootheid van u goedertierenheid, en soos U hierdie volk van Egipte af tot hertoe vergewe het” (*Num. 14:19, OAB*). God se genade smoor rebellie en rusteloosheid in die kiem. Sy vergifnis stel ons in staat om 'n nuwe blaadjie om te slaan.

Nietemin het dit 'n prys. God se genade is nooit goedkoop nie. Hoewel die Israeliete vergifnis ontvang het, moes hulle steeds die gevolge van hul rebellie dra: die opstandige generasie sou nie die Beloofde Land kon ingaan nie (*Num. 14:20-23*).

God sou hulle wel 'n verdere 38 jaar in die woestyn deurdra. Hy sou hulle voed. Hy sou met hulle in die tabernakel praat. Hy sou hulle daar in die woestyn bystaan. Daarna sou hulle egter sterf. Eers wanneer die volgende geslag by hulle oorneem, sal die volk sukses behaal – naamlik om rus in die Beloofde Land te vind.

Dit klink na 'n strawwe oordeel, tog was die Here in werklikheid genadig. Hoe sou dié ongelowige geslag dit regkry om Kanaän se magtige stad-state te verower, siende dat hulle nog nie geleer het om op die Here te vertrou nie? Hoe kon hulle 'n lig vir die nasies wees as hulle self nog in die duister rondgetas het?

**Dink 'n bietjie na oor bepaalde sondes waarvoor God jou al vergewe het, maar waarvan die gevolge vreeslik swaar was. Watter lesse het jy daaruit geleer?**

## Geloof teenoor Vermetelheid

**Watter** ooreenkomste sien jy tussen Israel wat in die woestyn moes rondswerf en God se getroue kinders kort voor die wederkoms? (Lees 1 Kor. 10:1-11.)

---

Deur die geskiedenis van die mensdom heen bevind God se kinders hulle in die woestyn, al swerwende op soek na die Beloofde Land. Hierdie woestyn het vele gesigte. Deesdae is dit 'n eindelose dorsland van media-leegheid – inkomende SMS-boodskappe wat konstant biep, en kassies en skerms wat dreun van die vermaak. Dit probeer pornografie as 'n plaasvervanger vir liefde aan ons afsmeer en materialisme as die antwoord op alle probleme. Ai, as ons net 'n bietjie fikser, 'n bietjie jonger, 'n bietjie ryker, 'n bietjie sexyer kan wees – dán sal alles dooddollies wees...

Net soos die Israëliete van ouds is ons onrustig, op soek na innerlike vrede, en daarom soek 'n mens dikwels op al die verkeerde plekke daarvoor.

**Hoe** het die Israëliete op God se oordeel in Numeri 14:39-45 gereageer?

---

Israel se reaksie op God se oordeel is tipies. “Ons was verkeerd, ’ het hulle gesê, “ons wil nou optrek na die plek toe wat die Here beloof het” (Num. 14:40, NAB).

Halfhartige toewyding is soos 'n inenting wat skeefgeloop het. Deesdae beveel dokters aan dat die Hepatitis B-entstof reg na geboorte, binne die eerste 24 uur, toegedien moet word. Dit is nou 'n goeie begin. 'n Mens moet egter 'n tweede of selfs 'n derde aanvuller-inenting kry. Dit moet boonop op die regte tyd geskied en die regte dosis wees, anders het 'n mens geen beskerming teen Hepatitis B nie.

Israel se rebelse ommeswaai in die laaste paar verse van Numeri 14 lei tot reuse teleurstelling en die dood. Hulle weier om God se nuwe voorskrifte m.b.t. die Beloofde Land te aanvaar, en besluit sommer om self die land te verower, en dit sonder die verbondsark of Moses se leiding.

Vermetelheid kom 'n mens baie duur te staan. Dit is dodelik. Vrees is dikwels die dryfveer vir sulke vermetelheid. Uit vrees vir 'n bepaalde situasie, neem 'n mens besluite waaroor jy later spyt is.

**Dink nou aan jou optrede by twee verskillende geleenthede. 'n Keer wat jy geloof aan die dag gelê het, en 'n ander keer wat vermetelheid oorgeneem het. Wat is die deurslaggewende verskil tussen vermetelheid en geloof?**

**Stof tot Nadenke:** “Op die oog af het die volk opregte berou vir hul sondige gedrag gehad, maar hulle was eintlik hartseer oor die gevolge van hul goddelose gedrag en nie oor hul ondankbare houding en ongehoorsaamheid nie. Toe hulle agterkom dat die Here nie sy beslissing gaan omkeer nie, neem eie-wysheid weer oor. So besluit hulle dan: ons gaan nie terug woestyn toe nie! Die Here se bevel – dat hulle nie die Beloofde Land moes inneem nie – was ’n toets om te sien of hul nuutgevonde onderwerping opreg was. Dit was egter ’n toets wat hulle gedop het. Tog het hulle geweet hoe sondig hul optrede was. Hulle het toegelaat dat [afbrekende] gevoelens oorneem en het toe probeer om die spioene wat by hulle geleit het om aan God gehoorsaam te wees, om die lewe te bring. Die vrees wat hulle beetgepak het, was net oor die feit dat hulle ’n ernstige fout begaan het, ’n fout wat katastrofiese gevolge vir hulle ingehou het. Hul harte het egter onveranderd gebly. As die omstandighede reg was, sou hulle die geringste verskoning gebruik om weer te rebelleer. Dit is presies wat gebeur het toe Moses, op gesag van die Here, die Israeliete beveel het om terug te keer na die woestyn” (Ellen White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 391).

“Geloof het egter niks met vermetelheid te make nie. Slegs diegene wat sterk staan in die geloof is beskut teen die gevare van hierdie sonde. Neem in ag dat vermetelheid Satan se plaasvervanger vir ware geloof is. Deur geloof aan die dag te lê, beroep ’n mens jou op God se beloftes wat dan vrug afwerp in die vorm van gehoorsaamheid. Vermetelheid is ook ’n beroep op God se beloftes, maar met die doel om dit op dieselfde manier te gebruik as wat Satan dit gebruik het: as ’n verskoning vir sonde. Ware geloof sou ons stamouers gelei het om te vertrou dat God hulle wel liefhet en dat hulle derhalwe sy bevele wou gehoorsaam. As gevolg van hulle vermetelheid het Adam en Eva [egter] God en sy gebod geminag, oortuig dat sy groot liefde vir hulle hulle van die gevolge van hul sonde sou vrywaar. Om ’n mens op God se goedgunstigheit te beroep sonder om aan die voorvereistes vir die skenk van God se genade te voldoen – dit is beslis nie geloof nie. Die beloftes en voorwaardes van die Bybel is die enigste grondslag van ware geloof” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 126).

## Besprekingspunte:

- ① **Besprek die verskil tussen vermetelheid en geloof. Hoekom word die inneem van Kanaän aanvanklik as ’n teken van geloof beskou, maar later, toe die Israeliete wel woord by daad gevoeg het, as vermetelheid? Motief en omstandighede speel ’n deurslaggewende rol in die onderskeid tussen vermetelheid en geloof. Hoe so?**
- ② **Hoewel ’n mens se sondes vergewe kan word, moet jy dikwels met die gevolge daarvan saamleef. Bepeins dit nou verder. Hoe help ’n mens iemand wat spook met die wete dat hy/sy (en soms selfs hul geliefdes) steeds die bitter vrugte vir ’n bepaalde sonde moet pluk, hoewel daardie persoon reeds daarvoor vergewe is?**